KAMMANUUS

Nommer 240 11 Augustus 2008

TOULEIER

Ryloop-wedloop tussen twee Cortinas [Deel 1]

Ek kry die week 'n epos van Waldo van den Meer. Hy begin sy briefie so: "Ek ontdek oom se besigheidskaartjie vandag in my beursie, en onthou skielik dat ek oom 'n verslag skuld oor my rylooprit Kaapstad toe."

En so skielik as wat hy onthou het, so skielik word ek weer teruggevoer na 'n ryloop in die verlede.

My gedagtes dwaal terug na daardie lang vakansie ná matriek. Die laaste van sy soort. So 'n baster skoolvakansie en oorgang na grootword. Daardie goue, sorgelose tydjie tussen die skoolbanke en die army.

So besluit ek en Louis de Jager om Kalahari toe duim te gooi. Diep in die duinewêreld in, na my oom Gert Becker op Donkiekraal, paradysplaas, waar ek mens geword het.

Vandag wil ek sommer net die eerste stukkie onthou, uithark uit die sand van die tyd. Die somer van siekstienaain. Hallo, Bryan Adams!

Ons eerste lang wag was net buite De Doorns. Warm soos die hel dié tyd van die jaar. Laatmiddag is ons goed dors en desperaat.

Daar stop 'n vol Cortina langs ons. Maer, gebuigde klein omie agter die stuur, met sy soustannie vrou langs hom en drie orrelpypies agterin. Ek stap nader, die mense wil seker net rigting vra.

"Kom klim, die kinders kan opskuif," sê die tannie so met die afvee van die sakdoek deur die oop venster. Met koffertjie en al stoei ons vir ons 'n plek oop langs die taai handjies en die vuil bekkies. Hulle drie agter die omie, ek en Louis agter die tannie.

Ons en die tannie wen speel-speel die gewigswedstryd, en die karretjie lê lelik skuins toe ons daar wegtrek.

So 'n entjie verder kom ons by die voet van die Hexriviervalleipas. Die Omie rat af na derde toe.

So halfpad op, trek ons agter nog 'n Cortina in. So 'n bloue.

"Maar dis mos Koos daardie!" Die omie klink opgewonde.

"Daar is geen manier wat Blou Koos my vandag gaan wen nie!" En met dié woorde gooi hy terug in tweede rat.

Met 'n rookwolk wat agter uitskop, skuif hy uit oor die wit streep, en stadig maar seker begin hy by Koos verbyskuif. Met 'n nog groter blou wolk, sit Blou Koos ook terug in tweede en hou hy langs ons.

Soos die pas steiler word, vorder ons al hoe stadiger. Nie een van die twee wil egter bes gee nie.

Die blinde kruin kruip soos in 'n ewigheid nader. Die omie kap met 'n double dutch terug in eerste. Blou Koos val net so effe terug. My kneukels raak wit op die kysie se handvatsel.

Ons leun almal vorentoe soos ons help stoot. Stadiger en stadiger. Dis doodstil in die kar. Die temperatuur en spoednaalde kruip in verskillende rigtings. Al wat jy hoor is die geknetter van die enjin.

Sewe paar groot oe staar stip na die horison. Stadig tik die sekondes soos ure verby. My keel is kurkdroog. Is dit wat die noodlot vir my beplan het?

Lees volgende keer verder ;-)

Groete uit Gomorra,

Hennie Greeff

Gomorra, Duskantland

ROELFIE
SLAAT RAAK

❑ Só spreek die volk

ROELFIE vind dit altyd interessant om te sien hoe mense se koppe werk - of nie werk nie - en hoe hulle sake van die dag sien. Koerante het deesdae SMS-kolomme waarin Jan en San Alleman hul menings lug, soos:

Oor etes saam met Jakob Stortkop:
• Wat? R1500 vir 'n ete met Zuma? Ek sal liewer 'n paar *meatballs* op 'n stokkie sit, 'n bier oopmaak en die aand saam met my poepende ouma voor die TV deurbring.

Oor e.tv:
• Is dit waar dat e.tv binnekort net rofstoei gaan uitsaai, met net die nuus en 'n bietjie pornografie tussen-in?

Oor donker brille:
• Aan die ou wat kla dat Dutoitsklooftonnel te donker is: Jy is veronderstel om jou sonbril in die tonnel af te haal.

Oor regstellende aksie:
• Mnr. A. Moosa, jy maak 'n moosa fout. Die inheemse bevolking is van niks ontneem nie. Jy moet werk vir wat jy uit die lewe wil kry.
► Sê hulle!

❑ 'Vinnige' ID's

'N "REGRUK-AKSIE" in die "departement uit die hel" bring mee dat ID's nou binne 68 dae verskaf word, sê minister Vryseer-Mettikettie.
'n Enkele diensverskaffer vervoer glo nou die dokumente tussen binnelandse sake en 'n sentrale verwerkingsentrum. Die papiere is nou slegs drie dae onderweg (pleks van ses maande?)
► Nou ja, dit het amper 15 jaar gevat om dit uit te werk. Nie baie vinnig nie, of hoe? En 68 dae is net vinnig as jy weet die vorige gemiddeld was 163 dae. Ons vorder!

❑ Slim kan só sy baas vang!

ELKE maand word daar tientalle (honderde?) riooldeksels in Slaapstad (en sekerlik ook elders) gesteel en vir R30 aan skroothandelaars verkwansel. Dan kom die stadsraad en vervang die gesteelde metaaldeksels met plastiekdeksels – natuurlik teen 'n aardige bedraggie, wat op sy beurt uit die mense wat vir dienste betaal, se sakke kom.
Nou het Roelfie mos aan 'n baie slim oplossing gedink: Die stadsraad moet die deksels met plastiek vervang vóórdat hulle gesteel word.
Die stadsraad verkoop dan die metaaldeksels wat hulle verwyder het, aan die skroothandelaars – en gebruik daardie R30 vir die plastiekdeksels!
► Op dié manier kan die skroothandelaars steeds sake doen, en sulke voorkomende maatreëls is ook nie eers teen die grondwet nie. Wel, nog nie.

❑ Slaapstad word Lagos

DIT lyk vir Roelfie die jongste oplossing vir Slaapstad se behuisingstekord van 416 000 huise en sy oorlaaide vervoerstelsel en dies meer is om die middestad se woondigtheid te verdriedubbel en die piepols nader aan hul verdienste - wat nie altyd 'n werk is nie - te skuif.
Die middestad en voorstede soos Bellville lyk reeds soos Lagos, en hy gaan seker spoedig 'n tweede Hillbrow word.
► As iemand tog net toilette in die middestad wil bou . . .

❑ Help!

Op 'n vraag oor watter verskil 'n petisie oor Zuma aan die howe gaan maak, in ag geneem die ANC se besluit om die Skerpioene ondanks verskeie petisies te ontbind, het Malema gesê dis hoe 'n demokrasie werk.
► Jammer, selfs Roelfie, met al sy jare se ondervinding, kan nie hierdie een uitwerk nie???

Allegaartjie

TWEELINGE

'n Sensusopnemer klop aan die plaashuis se voordeur. 'n Vrou maak die deur oop, en hy vra haar hoeveel kinders sy het, en wat hul ouderdomme is.

"La'k sien," antwoord sy. "Daar is die tweeling Sally en Billy, en hulle is 32.

"En die tweeling Seth en Beth, hulle is 26. En die tweeling Penny en Jenny, hulle is 24 . . ."

"Wag 'n bietjie," val die sensusman haar in die rede. "Het julle **elke keer** 'n tweeling gekry?"

Die vrou antwoord:

"Nee, is jy nou simpel? Daar was honderde kere wat ons niks gekry het nie!"

GENERASIES

Le Soleil, 'n koerant in Quebec, het in sy Januarie-uitgawe geskryf oor generasies wat per ouderdomsgroep bepaal kan word.

Generasies word soos volg ingedeel:

Die Stil-generasie:
Mense wat voor 1945 gebore is.

Die Babamakers:
Mense wat tussen 1946 en 1961 gebore is.

Generasie X:
Die mense wat tussen 1962 en 1976 gebore is.

Generasie Y:
Mense wat tussen 1977 en 1989 gebore is.

Nou vra jy seker: "Hoekom Y?"

Kyk regs, waar 'n karikatuurskets dit goed verduidelik.



Die Darwin-pryse vir 2008

Eervolle vermelding

Paul Stiller (47) en sy vrou, Bonnie, was twee uur in die oggend besig om bra verveeld rond te ry, en besluit toe om 'n stok dinamiet by die venster van die kar uit te gooi en te kyk wat gebeur. Hulle het skynbaar nie gesien dat die venster toe is nie.

Naaswenner

Kerry Bingham was besig om met 'n spul vriende getarra te raak en besluit toe om van 'n plaaslike brug te rekspring. Dit was 04:00, en toe hulle by die brug kom, ontdek hulle dat niemand 'n tou saamgebring het nie.

Bingham sien toe 'n stuk kabel wat daar lê, maak die een punt aan sy voet vas en die ander punt aan die brug - en spring!

Hy het so 12 meter ver geval voordat die kabel styfgespan en sy voet by sy enkel afgeruk het. Hy het sy val in die ysige water op merkwaardige wyse oorleef. Sy voet is nooit gevind nie.

En die wenner is . . .

Friedrich Riesfeldt, 'n dieretuinopsigter in Duitsland, het 'n yslike probleem met 'n hardlywige olifant gehad. Hy het die dier 22 dosisse purgeermiddel en emmers vol bessies, vye en pruime ingejaag.

Hy was besig om die olifant 'n enema van olyfolie toe te dien toe die ou grootoor ontlaai. Die brute krag van die skoot olifantmis het Riefeldt platgeslaan en hy het met sy kop op 'n klip geval voordat 200 kg olifantmis hom bedek en versmoor het.

Rus in vrede. Die aarde se genepoel is dieper sonder julle.

Dié week se giggels



DIE WAARHEID

'n Ouerige man word die aand vir ete na 'n ou vriend oorgenooi.

Hy was baie beïndruk deur die manier waarop sy vriend elke versoek aan sy vrou voorafgegaan het met troetelnaampies soos Skattie, Liefling, Poppie en Skatlam.

Die paar was al 70 jaar getroud, en duidelik nog baie verlief.

Toe die vrou in die kombuis is, leun die gas oor en spreek sy bewondering teenoor sy vriend uit.

Sy ou vriend het sy kop laat sak. "Ek moet jou die waarheid vertel," bieg hy. "Haar naam het my so tien jaar gelede ontgaan, en ek is te bang om haar te vra wat dit is!"

DOKTERS SE RAAD

Die vrou sê aan haar dokter: "Ek het 'n seer rug." Die dokter sê: "Dis ouderdom."
Die vrou sê: "Ek wil 'n tweede opinie hê.
Die dokter sê: "Goed. Jy's ook lelik."

Die man stap by die dokter in. "Ek het my arm op verskeie plekke gebreek."
Die dokter se raad? "Moenie weer soontoe gaan nie."

Ek was by die dokter, en vra hom: "Het jy enigiets vir wind?" Toe gee hy my 'n vlieër.

DEURBRAAK

Japanse tegnoloë het 'n nuwe deurbraak gemaak. Hulle het nou 'n kamera ontwerp met 'n sluiterspoed wat só vinnig is, jy kan 'n foto van 'n vrou neem wanneer haar mond toe is.

MAAK 'N AANBOD!

John het op troue gestaan, toe sy toekomstige skoonpa hom eenkant neem, hom in die familie verwelkom en hom 'n 50% aandeel in die familiesaak aanbied. Hy sal die fabrieksbetuurder word.

"Ag, nee," sê John, "ek haat die geraas en die vullis in fabrieke."

Die ou man bied hom toe die bestuurspos in die kantoor aan.

"Dankie," sê hy, "maar dit sal my mal maak om heeldag in 'n kantoor opgesluit te wees."

"Nou wat wil jy hê moet ek met jou doen as jy nie in die fabriek of die kantoor wil werk nie?" vra skoonpa-in-wording.

"Wel," antwoord John, "jy kan my altyd 'n aanbod vir my 50% van die besigheid maak."

BESIGE BLONDINE

Hoe hou jy 'n blondine ure lank besig? Gee haar 'n stuk papier waarop 'Blaai Om' op albei kante staan.

ANDY CAPP deur Smythe

MENSE en hul dinge

Kaal meisie op vlag moet boet

'n Model wat afgeneem is waar sy in evasgewaad op 'n perd se rug sit – met die vlag van Peru as haar saal – kan tot vier jaar in die tronk deurbring omdat sy "beledigend opgetree het teenoor 'n nasionale simbool".
Só het mnr. Antero Flores, die land se minister van verdediging, gister gesê van me. Leysi Suarez se suggestiewe foto op die voorblad van die tydskrif DFarandula, in die aanloop tot Peru se 187ste herdenking Maandag.
"Dit is 'n nasionale simbool en moet as sodanig gerespekteer word," het Flores gesê.
Suarez sê dit is 'n patriotiese foto en sy het die land "met liggaam en siel lief".

Koningin se broek duur verkoop

'N REUSE toebroek (bloomer) van Koningin Victoria het nege keer sy verwagte prys op 'n veiling in Londen gehaal.
Die toebroek met sy middel van 127 cm is vir R65 000 van die hand gesit. Dit vertoon 'n monogram en koningswapen wat toon dat dit outentiek is.
Die koningin se onderhemp met sy borsmaat van 167 cm het byna R60 000 en haar nagrok R80 000 gehaal.
Victoria was van 1837 tot 1901 op die Britse troon - die langste bewind in die Britse geskiedenis.

Lekkende toilet lei tot doodstraf

'N KORRUPTE Sjinese amptenaar is tot die dood veroordeel nadat 'n lekkende toilet gelei het tot die ontdekking van 'n groot bedrag onwettige geld.
Die man is daarvan aangekla dat hy 22.3 miljoen yuan (R23.5 miljoen) in omkoopgeld van padboufirmas aanvaar het.
Hy is gearresteer nadat 'n inwoner gekla het dat daar water deur die plafon van die leë woonstel bokant hom syfer. By nadere ondersoek is agt deurweekte kartonbokse vol geld in die badkamer gevind.

'Naaktheid lei tot korrupsie'

LUIDENS 'n wetsontwerp in Nigerië mag geen heup, bors of dy sal ooit weer in die Nigeriese son glinster nie. Toeriste wat in handdoeke pronk, Nigeriese vroue wat maag wys in tradisionele drag en ander oortreders kan vir drie maande agter tralies beland of met R650 beboet word. Ook Indiërs in sari's is uit.
Die rede? Naaktheid lei tot korrupsie, want hulle mislei die mans wat korrupsie pleeg.
Talle groepe glo Nigerië het groter probleme as naaktheid op straat. Die Nigeriese feministeforum het in 'n verklaring gesê vroulike besnydenis, die land se hoë kindersterftesyfer en verkragtings van babas moet eerder aandag kry.

Vierpotige terroriste

'N TROP van ongeveer 150 beeste is besig om die inwoners van 'n dorpie in die suide van Spanje só die skrik op die lyf te ja, dat hulle bang is om uit te gaan.
Die honger beeste het in tuine vir kos gaan soek, en bome, blombakke en eiendom in die dorpie met sy 570 inwoners vernietig. Baie van die koeie het pas gekalf en is buitengewoon aggressief.

Spele maak plek vir langeraat

DIE wêreld se grootste atlete - basketbalspelers soos Yao Ming en LeBron James - het spesiale behoeftes, en dit sluit in ekstra groot draagbare en hospitaalbeddens as hulle beseer raak.
Met dit in gedagte, het die organiseerders van die Olimpiese Spele in Beijing 'n draagbaar van 2.4 meter bestel. Dit het ses pare gordels wat die pasiënt vasgespe. Die standaard is 1.8 meter en drie gordels.
Yao is 2.26 meter lank - dis net 'n raapsie korter as 7 vt en 6 dm. En vir dié wat nog onthou: die bokser Ewert Potgieter was maar 7 vt 2 dm.

MAKERIEPAS!

Stories uit die weermag

Die tenk, die arm en die bloedneus

Soos oorvertel aan Elsje Krafft

SOOS dit maar gegaan het, was troepe baie kere op die regte tyd op die verkeerde plek.

Carl van Bosh van Windhoek skryf vir my van die troep wat per geleentheid saam op 'n tenk gery het. Die drywer het waarskynlik van hom vergeet en toe hy rem, verloor die troep sy ewewig en val reg voor die tenk in voordat hy tot stilstand kon kom.

Die tenk beweeg oor die man se arm en die troep gil asof 'n 'ter' hom keel afsny. Die drywer stop asof 'n bom hom getref het.
Die sersant storm nader en kom kyk of hy nie iets kan doen oor die geween en gekners van tande nie. Hy besluit dis beter om te probeer om die arm onder die tenk uit te grawe, eerder as om met die tenk verder te beweeg.

As hy egter naby die arm kom, begin die troep weer soos 'n maer vark skree.

Ná 'n paar probeerslae is die sersant raadop en begin duidelik ook paniekerig raak. Skielik besluit hy op 'n ander plan van aksie en slaan die troep toe kis-boude met een hou.

Nou kon hy in stilte en rustigheid die arm onder die wiele van die tenk uit-grou. Nadat die troep se arm versigtig uitgetrek is en hy bykom, sou hulle agterkom dat die arm niks makeer nie. Dit het in die sagte sand weggesak toe die tenk oor die arm ry.

Intussen is daar natuurlik klaar per radio 'n helikopter bestel om die troep na die naaste hospitaal te bring. Daar gekom, word hy met 'n gebreekte neus gediagnoseer!

Vir al sulke voorvalle word daar nogal baie papierwerk gedoen en moet die insident goed gerapporteer word met onder meer die oorsaak van die ongeval.

Ek wonder vandag nog wat die sersant op daai vormpie ingevul het!

Die blondine sit in 'n spoggerige restaurant.
"Sop vir u?" vra die kelner.
"Ja, pasop vir jou ook," antwoord sy.

Die muskiet sê vir die waslap: "Dis seker erg om heldag net so op een plek te lê en uitdroog?"
Waslap: "Wel, ek het darem al gewas waar jy nog nie gesteek het nie."

Kammanuus se Helphoekie

Jakkals en Wolf CD's gesoek

Ek het op die webwerf met Afrikaanse CD's afgekom en baie hoopvol gekyk of Dana Niehaus se Jakkals en Wolfstories nie dalk daar is nie.
Ek het 'n CD so 14 jaar gelede gekoop, en dit is gesteel toe daar by ons ingebreek en die huis byna gestroop is. Nodeloos om te sê, ek het daarna vir baie lank nie geld gehad vir luukses nie!
My twee dogters het die CD baie geniet en ek het nou 'n laatlam-seuntjie vir wie ek dit in die hande wil kry. Ek kan ander CD's met Jakkals en Wolfstories kry, maar dit het nie dieselfde trefkrag as Oom Dana s'n nie! Niemand kan dit vertel soos hy nie.
Ek sal baie dankbaar wees vir enige inligting!
jackienel@xsinet.co.za

- **Lesers wat kan help, kan sommer direk aan Jackie skryf**.

Brood vir die Blik

Anna se snoekbroodjie

1 kg vars snoek
peper na smaak
500 ml afgeroomde melk
15 ml Worcestersous
gerasperde neut
suurlemoenwiggies en pietersielie
5 ml sout
50 ml mielieblom
125 ml room
25 ml uiesap
25 ml droë broodkrummels

Maal die vis twee keer, en voeg laaste keer sout, peper, en mielieblom by. Maal dit 'n derde keer terwyl melk bygevoeg word. Plaas mengsel in die bak van 'n elektriese menger. Voeg die room baie stadig by en klits aanhoudend. Klits die Worcestersous, uiesap en neut by. Die mengsel moet die tekstuur van dik room hê. Smeer 'n broodpan van 22x12x7cm. Besprinkel die boom met fyn krummels en giet die vismengsel daarin. Bedek met bladaliminium en sorg dat dit styf pas.
Plaas in 'n pan met warm water. Bak sowat 75 minute by 180 ºC. Laat 'n ruk in die pan staan. Keer uit en hou warm. Garneer met pietersielie en suurlemoenwiggies.

STAMBOOM

Waar pas jy in?

Een van die suksesvolste afdelings op *Onsdorp* se webwerf is die Stamboom-afdeling. Gaan gerus na *Onsdorp* www.onsdorp.com/stamboom Jy sal die wagwoord *boomstam* moet gebruik om toegang te verkry.

Hier is die besonderhede van die jongste familiespeurders:

Botha
elnabotha@hotmail.com
Stamname is Jakobus Renier en die oorspronklike voorouers het in Brits en omgewing gebly. Jakobus Renier Botha was getroud met Heila. Nooiensvan was Van Staden.

Breytenbach
louisevdmerwe@webmail.co.za
Wil net meer weet van my pa se familie. Hy het ses broers by name Pierewiet, Klein, Dirk, Polla, Boetie en Leon. Drie susters: San, Amanda en Rachel. Ek wil ook graag meer weet van ons voorsate. My ouma hulle het op 'n plot in Pomona, Kempton Park gebly.

Connoway
reinettev@gmail.com
Sarel Johannes Connoway. Het in die Zastron destrik gebly in die vroeë 1900's. Vier kinders: Chrissie, Kobus, Issie en Hannes.

Du Plessis (ook Jonkers en Smit)
wynand.duplessis@sasol.com
My vrou en haar ma het nou al 'n boek oor die Jonkers uitgegee en een oor die Smitte is nou by die drukkery. Ek soek nog een of twee skakels dan is my stamboom in die Du Plessis-familie ook van 1208 af volledig.

Nienaber
hennie@sunstar-media.co.za
Prof Nienaber het 'n boek uitgegee oor die Nienaber stamboom in die laat 1980's uitgegee. As daar iemand is wat belang stel, kan ons toestamming kry om die boek op die internet te publiseer en op datum te bring.

Terre'Blanche
blanfield@gmail.com
Ons het in 1978 ons familieregister ontdek wat in 1684 begin. Al die vangenote is welkom om 'n kopie te vra. Laat ons van julle hoor. Ook inligting gevind oor Pienaars.

Van Wyk
crvanwyk@mweb.com.na
Noemnaam is Neels. Pa was Adriaan Pieter en oupa aan pa se kant Sirk Bernardus.

Vorster
herbal@lantic.net
Pa was Hendrik van der Walt Vorster en was getroud met Anna Dorathea Victor in 1953. Het in Middelburg (Kaap) gebly.

BRIEWEBUS

Kammanuus se lesers aan die woord

E-pos aan pos@onsdorp.com en verstrek asseblief jou naam, van en tuisdorp. **Briewe word onveranderd geplaas.**

Laat ons tog maar vir Roelfie lag

Thea van Rensburg, Dublin:
Ai, moet daar tog altyd klaers wees op hierdie ou aarde van ons, waar ons baie keer net deur ons goeie humorsin aan die gang gehou word! Hoekom moet ons ander wat die bobbejaan en aap stories so geniet nou daaronder ly omdat een persoon nou sy mond daaroor uitspoel?
Ek raak nou so ietwat agter met die soustreinryers se name, kan net dié onthou wat nog ry nadat ons in 2002 Suid Afrika verlaat het. Dit maak egter nie saak nie, want ek leef my so in in die uitstekende name wat elkeen volgens sy verdienste ontvang.
Ons vertrek oor drie dae vir 'n maand na Suid Afrika, en ek bid darem maar hard vir lekker weer. As jy in 'n land bly waar die somer partykeer een week lank is, dan gee jy nie om hoe die weer is nie, solank daar net bietjie warmte en son is. Sterkte met al die dinge daar in SA, en mag ons nog baie lag al voel jy soms jy wil eintlik huil oor ons land se agteruitgang

George Weideman se CD

Lucia Wells, Duskantland:
Baie dankie vir die pragtige George Weideman-CD wat jy so vinnig vir my gestuur het. Dit is regtig besonders en ek waardeer die spoed waarmee jy dit gestuur het, regtig baie. Kan jy asseblief vir my nog een aanstuur – jy sal sien ek het die geld so pas oorbetaal en gevra dat dit 'n onmiddellike oorplasing moet wees. 'n Vriend van my het verjaar, en ek wil dit graag vir hom as geskenk aanstuur.
Baie dankie vir al die heerlike leesstof wat van jou kant af aankom!

Kyk hoe fluks werk ons Kambassadeurs!

Hier is so 'n bietjie terugvoering oor hoe Kammanuus en Onsdorp se netwerk Kambassadeurs inspring en help.
Nico Oosthuizen soek hulp:
Ek verhuis binnekort na Perth en sal dit waardeer as ek moontlik kan kontak maak vir moontlike navrae rondom omgewings, kar koop en akkommodasie.
Ons het die navraag opgevolg, en Nico het hierdie antwoord gekry:
Hallo Nico
Ek is van Oktober 2007 af hier in Perth, geniet dit baie en my vrou het onlangs by my aangesluit. Ons is nou self besig om "nes te skrop" wat nogal 'n storie op sy eie is. Laat weet my asb meer van julle planne dan sal ek help waar ek kan.
Groetnis uit Oz
Gert Kruger

NOG EEN

Melanie Pretorius soek raad:
Ons dink daaraan dat my man oorgaan Nieu-Seeland toe, maar ons het geen idee wat als daar kos en waar hy kan werk soek nie. Kan julle help?
En sy kry dit sommer vinnig en volledig:
Hallo Melanie
Ek het die afgelope paar jare 'n goeie netwerk van mense opgebou wat dalk kan help werk soek. As jy vir my jou man se CV aanstuur kan ek kyk wat ek kan doen.
Hierdie mense kan dalk help met verblyf (en dan gee sy 'n paar plekke se adresse, en voeg by): Hierdie man gee goeie raad:
www.fritzswart.co.nz - "Tips on moving to NZ" is wat julle moet lees.
Aangeheg is 'n skatkis van alles en nog wat. Al die mense hierbo adverteer daar. Laat asb weet as daar enigiets spesifieks waarvan julle meer wil weet.
Groete uit Kiwiland
Suna Stirk

AGTEROS

Die vasvat van die hande

Deur RINA GREEFF

Sý het gemeen haar hande het nou darem
te oud geraak – maar hý het gemeen
hulle hou nog vele belofte in ...

My hande lyk vanoggend vir my nes oumenshande," sê ek, en hou dié twee beskuldigdes voor my op in die lug.

"Mmff," kom dit van sy lippe se kant af, maar hy maak nie sy oë oop nie.
Ek kyk weer krities na my óú hande met die tien óú vingers voor my en sug effens; tik dan met een van dié "oumens"-vingers aan hom en sê: "Wat dink jy . . .?"

Ons sit soos dassies in die wintersonnetjie en bak, rustig en luilekker op die Sondagoggend met die dele van die koerant wat klaar gelees is, oral op die stoep rondgestrooi.

"Sit soos oumense hier," dink ek, "net die kniekombersies kort nog!"

Die jeukerigheid is in my en moet gekrap word – dit is nou nadat ek vanoggend in die kerk die vrou langs my in die kerkbank se hande raakgesien het: twee sulke elegante hande, met 'n gladde, onbevlekte, plooilose, kraaklose vel om, en ook lang, lang geverfde naels. "Miskien nie te prakties vir skottelgoedwas of tuinwerk nie . . .," het ek 'n bietjie afgunstig gedink, "maar ai, so mooi om na te kyk!"

Hy sit-lê langbeen agteroor en ek stamp met die elmboog aan hom.

"Wat is dit tog nou weer?" sê hy ergerlik. "Kan 'n mens nie net in vrede sit en niksdoen nie? Dit is darem ook die rusdag vandag!"

Hy het sowaar nie 'n woord gehoor wat ek gesê het nie . . . of het hy? Kyk, 'n man leer mos ook darem deur die jare wanneer om te praat en wanneer dit beter is om net meesterlik "um" of "mmm" te sê, veral as sy vrou vra oor plooie of oor vet en maer.

Ek blaas net 'n s-s-s-klank en hy loer met een oog na my, bakhand agter die oor: "Hoee sêê . . .?"

"Jy hét gehoor wat ek gesê het!" sê ek en hou my hande op tot voor sy gesig. "Wat dink jy?"

Hy's vas! Dit is te lekker hier in die son om te "mmm" en weg te loop – én ek sit in my stoel daar reg voor hom en wag vir die woord om gespreek te word.
Die stryd in hom is duidelik waarneembaar: stem hy saam met my, dan raak ek dalk rêrig oumens met my oumenshande, én kwaad, maar sê hy dit is nie so nie, weet ek dalk net hy lieg verskriklik en wonder dan miskien wanneer hy ook oor die vet en ander dinge gelieg het.

Maar die meester aan die woord wéét van, en ken van systap: "Daai handjies lyk asof hulle nog baie kielie in hulle oor het . . . wil jy nie so 'n bietjie . . . ?"

Ek snuif in die lug: "Ruik asof daar iets in die kombuis brand! Hierdie handjies moet nou eers die skaapboud uit die oond gaan red!"

In die kombuis staan ek 'n oomblik doodstil; ek is seker ek hoor 'n geneurie van die stoep se kant af wat in mý ore al te veel klink na 'n ge-"mmmmm", afgewissel met 'n vrolike ge-"um-um-um"!